

AMOS

Inleiding

Die boek dra die naam van die profeet oor wie daar berig word, en wie se profesieë volgens oorlewering daarin opgeneem is. Daar is onsekerheid oor wat die naam Amos beteken.

Amos is in die Joodse en Christelike kanon die derde boek in die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*. Amos het in Juda gewoon, maar in Israel opgetree en was dus 'n buitelandse profeet (vgl Inleiding *Joël*). In die Septuagint is dit die tweede boek.

Die skrywer van die boek *Amos* is onbekend. Volgelinge van die profeet het vermoedelik die profesieë opgeteken in die tyd tussen 750 en 721 vC. Dit is egter duidelik dat die boek ook later, selfs in die tyd ná die Babiloniese ballingskap (586-539 vC), redaksioneel verwerk is.

Die eerste hoorders van sy profesieë teen die einde van koning Jerobeam se regering (783-743 vC) was vermoedelik Israëliete by die heiligdom in Bet-El (4:4; 7:10-13). Die boek is egter in sy finale vorm na alle waarskynlikheid in Juda saamgestel, oorgelewer en voorgelees.

Amos bestaan hoofsaaklik uit profetespreuke in poësie met enkele kort dele in prosa. Die styl is lewendig en kragtig. Lesers se aandag word gevange gehou deur direkte vrae (3:3-6; 5:18-20), stylfigure soos sarkasme (4:4-6), en veral deur woord- en klankspel in die Hebreeus (5:5), met talle vergelykings en beeldende taal uit die leefwêreld van 'n boer (1:2-3; 3:4-5,12; 4:7-9; 5:19-20; 6:12; 7:1-5; 8:1-3). Die getal vyf speel ook 'n belangrike rol: In 4:4-11 is daar vyf veroordelings, wat

telkens eindig met die verwyt dat die Israeliete nie na die HERE teruggekeer het nie; daar is vyf visioene (7:1 — 8:3; 9:1-4) en vyf terreine waaroor God se heerskappy strek (9:2-4). Drie lofprysings beklemtoon die erns van die oordeelswoorde wat die profeet uitspreek (4:13; 5:8-9; 9:5-6).

In *Amos* is die gebrek aan sosiale geregtigheid in die samelewing een van die sterkste temas. Die hoëlui wat armes vertrap om hulleself verder te verryk, word skerp veroordeel (2:6-8; 3:10,15; 4:1; 5:10-12; 6:4-6; 8:4-6). Ook die onreg wat een volk teenoor 'n ander pleeg, staan onder God se oordeel (1:3 — 2:3). Die dag van die HERE is volgens Amos 'n dag van duisternis en onheil vir die Israeliete (5:18-20). Die vals vormgodsdienste van die Israeliete is ook ter sprake (5:4-7,21-27).

Amos kan soos volg ingedeel word:

1:1 Opskrif

1:2 — 2:16 Profetiese uitsprake teen volke

3:1 — 9:10 Oordeelsprofesieë teen Israel

9:11-15 Herstel van Israel

1

Opskrif

¹ *Die woorde van Amos, een van die herders uit Tekoa^a — woorde wat aan hom geopenbaar is^b oor Israel. Dit was twee jaar voor die aardbewing, in die tyd van Ussia, die koning van Juda, en Jerobeam, seun van Joas, die koning van Israel.

*1:1 2 Kon 14:23; 15:1; 2 Kron 26:1; Jes 1:1; Hos 1:1; Am 7:14-15; Sag 14:5

^a1:1 **Tekoa:** Dit was 'n klein dorpie in die Judese heuweland, ongeveer 17 km suid van Jerusalem; vgl 2 Sam 14:2; Jer 6:1.

^b1:1 **Die woorde ... geopenbaar is:** Letterlik 'woorde wat hy gesien het'.

Profetiese uitsprake teen volke

² Hy het gesê:

“Die HERE brul uit Sion,
uit Jerusalem laat Hy sy stem hoor.
Die weivelde van die herders verdroog,
die top van Karmel verdor.”*

³ **So sê die HERE:

“Oor drie oortredings van Damaskus,
ja, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie;
omdat hulle Gilead met dorsleë
van yster gedors^c het.

⁴ *Ek sal vuur slinger^d
teen die huis van Gasael;^e
dit sal die vestings^f van Ben-Hadad^g
verteer.

⁵ Ek sal die sluitbalk van Damaskus
breek;

* **1:2 Die HERE ... verdor:** Ps 65:13; Joël 3:16; Am 9:3

* **1:3-5** Jes 17:1-3; Jer 49:23-27; Sag 9:1

* **1:3** Am 1:6,9,11,13; 2:1,4,6

^c**1:3 dorsleë ... gedors:** So 'n dorslee het bestaan uit 'n breë plank met stukkie yster aan die onderkant wat die koring van die are moes skei wanneer 'n dier dit oor die dorsvloer trek.

* **1:4** Am 1:7,10,12,14; 2:2,5

^d**1:4 vuur slinger:** Tydens 'n beleg is stede bestook met brandpyle en brandende voorwerpe uit katapulte.

^e**1:4 Gasael:** Die Aramese koning wat in 843 vC in Damaskus aan bewind gekom het; vgl 2 Kon 8:7-15.

^f**1:4 vestings:** Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

^g**1:4 Ben-Hadad:** Hy was die seun van Gasael wat ná hom regeer het; vgl 2 Kon 13:3,24.

Ek sal die een wat op die troon sit,
met geweld uit Bikat-Awen^h
verwyder,
die septerdraer uit Bet-Eden;ⁱ
en die volk van Aram sal na Kir
in ballingskap gaan.”
Dit het die HERE gesê.

⁶* So sê die HERE:

“Oor drie oortredings van Gasa,
ja, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie;
omdat hulle 'n hele gemeenskap
weggevoer het as ballinge
om hulle aan Edom oor te lewer.

⁷ Ek sal vuur slinger
teen die stadsmuur van Gasa;
dit sal sy vestings verteer.

⁸ Ek sal die een wat op die troon sit,
met geweld uit Asdod verwyder,
die septerdraer uit Askelon.

Ek sal my hand teen Ekron draai,
en dié wat oorgebly het van die Filistyne
sal omkom.”

Dit het my Heer, die HERE, gesê.

^h**1:5 Bikat-Awen:** Die naam beteken ‘Vallei van Boosheid’.

ⁱ**1:5 Bet-Eden:** Die naam beteken ‘Huis van Geluk’.

***1:6-8** Eseg 25:15-17; Joël 3:4-8; Sef 2:4-7; Sag 9:5-7

⁹ * So sê die HERE:

“Oor drie oortredings van Tirus,
ja, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie;
omdat hulle 'n hele gemeenskap
as ballinge oorgelewer het
aan Edom,
en nie die verbond tussen broers
in ag geneem het nie.

¹⁰ Ek sal vuur slinger
teen die stadsmuur van Tirus;
dit sal sy vestings verteer.”

¹¹ * So sê die HERE:

“Oor drie oortredings van Edom,
ja, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie;
omdat hy sy broer met die swaard
agtervolg het.
Hy het sy meegevoel onderdruk,
en in sy toorn het hy sonder ophou
verskeur;
hy het onverpoosd met sy woede
volgehou.^j

¹² Ek sal vuur slinger teen Teman;
dit sal die vestings in Bosra^k verteer.”

* **1:9-10** Eseg 26:1 — 28:19; Joël 3:4-8; Sag 9:1-4; Matt 11:21-22; Luk 10:13-14

* **1:11-12** Eseg 25:12-14; 35:1-15; Ob vs 1-14; Mal 1:2-5

^j **1:11 toorn ... volgehou:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die
•bronteks.

^k **1:12 Bosra:** Die hoofstad van Edom.

¹³ * So sê die HERE:

“Oor drie oortredings
van die Ammoniete,
ja, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie;
omdat hulle swanger vroue
van Gilead oopgekloof het
sodat hulle hulle grondgebied
kon uitbrei.

¹⁴ Ek steek 'n vuur aan
in die stadsmuur van Rabba;
dit sal sy vestings verteer
te midde van strydkrete
op die dag van oorlog,
in 'n orkaan op die dag
van stormwind.

¹⁵ Hulle koning sal in ballingskap
gaan,
hy en sy hoë amptenare
saam met hom.”
Dit het die HERE gesê.

2

¹ ** So sê die HERE:

“Oor drie oortredings van Moab,
ja, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie;
omdat hy die beendere

* 1:13-15 Eseg 21:28-32; 25:1-7; Sef 2:8-11

* 2:1-3 Eseg 25:8-11; Sef 2:8-11

* 2:1 Am 1:3,6,9,11,13; 2:4,6

van die koning van Edom
tot kalk verbrand het.

²* Ek sal vuur slinger teen Moab;
dit sal die vestings¹ van Kerijot verteer;
te midde van krygsrumoer
sal Moab sterf,
te midde van strydkrete,
te midde van die geluid
van ramshorings.

³ Ek sal die heerser met geweld
uit hulle midde verwyder
en al sy hoë amptenare
saam met hom ombring.”
Dit het die HERE gesê.

⁴* So sê die HERE:

“Oor drie oortredings van Juda,
ja, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie;
omdat hulle die onderrig van die HERE
verwerp,
en sy vaste voorskrifte
nie nagekom het nie.
Hulle vals gode het hulle laat dwaal,
dié waaragter hulle voorouers
aan geloop het.

⁵ Ek sal vuur slinger teen Juda;

*2:2 Am 1:4,7,10,12,14; 2:5

¹2:2 vestings: Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

*2:4 Lev 26:14; Eseg 20:18,30; Am 1:3

dit sal die vestings van Jerusalem
verteer.”

⁶ * So sê die HERE:

“Oor drie oortredings van Israel,
ja, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie;
omdat hulle regverdiges
vir geld verkoop
en behoefdiges vir 'n paar sandale.

⁷ * Hulle trap^m op die stof van die aarde,
die koppe van armes,
en stoot weerloses uit die pad.

'n Man en sy pa gaan na
dieselfde meisie,
sodat hulle my heilige Naam
ontheilig.

⁸ * Op klere wat as pand geneem is,
strek hulle hulle uit
langs elke altaar;
en wyn wat as boetes geneem is,
drink hulle in die huis
van hulle God.

⁹ * Ek is die Een wat die Amoriëte,
so lank soos sederbome

*2:6 Lev 25:39; Am 1:3; 8:6

*2:7 Klaagl 2:10

^m2:7 trap: Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “hulle hyg”.

*2:8 Eks 22:26-27

*2:9 Deut 3:8-11

en so sterk soos eikebome,
uitgeroei het voor hulle uit.

Ek het hulle uitgeroei —
hulle vrug bo
en hulle wortels onder.

¹⁰ *Ek is die Een wat julle
uit Egipteland laat optrek
en julle veertig jaar lank
deur die woestynⁿ laat gaan het
om die land van die Amoriëte
in besit te neem.

¹¹ Ek het van julle seuns
as profete laat optree
en van julle jong manne
as nasireërs.^o

Is dit nie so nie, Israeliete?”
is die uitspraak van die HERE.

¹² “*Maar julle het die nasireërs wyn
laat drink;
aan die profete het julle opdrag gegee,
‘Julle mag nie profeteer nie!’

¹³ Kyk, Ek bring julle tot stilstand

*2:10 Eks 12:51; Am 3:1

ⁿ2:10 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^o2:11 nasireërs: Manne wat hulle aan die HERE gewy het en vir dié doel 'n nasireërgelofte afgelê het. Hulle moes hulle onthou van die gebruik van wyn en bier en enigiets wat van die wingerdstok af kom, en hulle hare en baard nie afskeer nie.

*2:12 Num 6:3

waar julle is;
net soos 'n wa oorvol van gesnyde graan
tot stilstand kom.

¹⁴ *'n Toevlugsoord vir die vinnige
het verlore gegaan;
die sterke sal nie sy krag
kan inspan nie
en die held nie sy eie lewe
kan red nie.

¹⁵ *Die boogskutter sal nie staande
bly nie;
die vlugvoetige sal nie ontkom nie,
en die perderuiter nie sy eie lewe
kan red nie.

¹⁶ Die dapperste onder die helde
sal op daardie dag kaal wegvlug,”
is die uitspraak van die HERE.

3

Oordeelsprofesieë teen Israel

¹ *“Luister na hierdie woord wat Ek, die HERE, teen julle uitgespreek het, Israeliete, teen die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, ² *Net met julle, uit al die geslagte van die aarde, het Ek geken;^P

***2:14** Pred 9:11; Am 9:1

***2:15** Ps 33:17

***3:1** Am 1:1; 2:4,6,10

***3:2** Deut 7:6; Ps 147:19; Eseg 20:36-38; Dan 9:12; Matt 10:15; Luk 12:47; Rom 2:9; 1 Pet 4:17

^P**3:2 geken:** Dit dui op 'n besondere verbondsverhouding.

daarom gaan Ek van julle rekenskap eis oor al julle sondeskuld.’ ”

³ Loop twee saam sonder dat hulle
afgespreek het?

⁴ Brul 'n leeu in die bos as daar vir hom
geen prooi is nie?

Laat 'n jong leeu sy stem hoor
uit sy lêplek
sonder dat hy iets gevang het?

⁵ Duik 'n voël af op 'n wip op die grond
as daar vir hom geen lokaas is nie?

Klap 'n wip toe op die grond
as dit glad nie iets vang nie?

⁶ * As 'n ramshoring in 'n stad
geblaas word,
bewe mense nie?

As daar teenspoed in 'n stad is,
het die HERE dit nie gedoen nie?

⁷ * Ja, my Heer, die HERE, doen niks nie,
tensy Hy sy vertroulike besluit
openbaar aan sy diensknegte,
die profete.

⁸ * 'n Leeu het gebrul —
wie sal nie bang wees nie?
My Heer, die HERE, het gepraat —
wie sal nie profeteer nie?

* **3:6** Jes 45:7

* **3:7** Gen 6:13; 18:17-21; Op 10:7

* **3:8** Hand 4:20; 1 Kor 9:16

⁹ *Basuin dit uit
oor die vestings^q in Asdod,
oor die vestings in Egipteland.
Sê: “Kom bymekaar op die heuwels
by Samaria,
en aanskou die groot paniek in haar,
die verdrukking in haar midde.”

¹⁰ * “Hulle weet nie hoe
om reg op te tree nie,”
is die uitspraak van die HERE,
“hulle wat die buit van geweld
en misdaad opstapel
in hulle vestings.”

¹¹ Daarom, so sê my Heer, die HERE:
“Daar is 'n vyand,
en hy is reg rondom die land!
Hy gaan jou^r versterkings laat intuïmel,
jou vestings word geplunder.”

¹² So sê die HERE:
“Soos 'n skaapwagter
twee stukkies agterbeen
en die kraakbeen van 'n oor red
uit die bek van 'n leeu,

***3:9** Jer 23:13; Am 1:8; 3:12

^q**3:9 vestings:** Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

***3:10** Ps 14:4; Jer 4:22; Am 5:7; 6:12

^r**3:11 jou:** Dit verwys na Samaria.

so sal die Israeliete gered word
wat in Samaria sit
met net die hoek van 'n bed
en die kant^s van 'n slaapbank.

¹³ *Luister en getuig
teen die huis van Jakob.”
Dit is die uitspraak van my Heer,
die HERE, die God
wat Heerser is oor alle magte.

¹⁴ “*Ja, die dag wanneer Ek
van Israel rekenskap eis
oor sy oortredings,
gaan Ek ook rekenskap eis
van die altare van Bet-El:
Die horings van die altaar^t
sal afgekap word;
dit sal op die grond val.

¹⁵ *Ek gaan die winterhuis verwoes
saam met die somerhuis.^u
Die huise met ivoorinleg
sal tot niet gaan
en groot huise sal verval,”

^s**3:12 kant:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

***3:13** Ps 50:7

***3:14** 2 Kon 23:15

^t**3:14 horings ... altaar:** 'n Vluchteling kon asiel soek deur die uitstaande hoeke van die altaar vas te gryp; vgl Eks 21:13-14; 1 Kon 1:50; 2:28.

***3:15** 1 Kon 22:39; Jer 36:22

^u**3:15 winterhuis ... somerhuis:** In Israel het welgesteldes ook soos die konings 'n somer- en winterverblyf gehad; vgl 2 Kon 21:1,18.

is die uitspraak van die HERE.

4

¹ *Luister na hierdie woord,
koeie van Basan^v
op die berg Samaria,
julle wat die armes verdruk
en die behoeftiges mishandel,
wat vir julle mans sê:
“Bring, sodat ons kan drink!”

² *My Heer, die HERE, het gesweer
by sy heiligheid:
“Kyk, daar kom dae oor julle
wanneer julle in mandjies
weggedra word,
ja, dié van julle wat oorbly,
in vissermanspotte.^w

³ *Deur die bresse in die stadsmuur^x
sal julle een ná die ander
uitgebring word^y

* 4:1 Ps 22:13; Hos 5:11; Am 6:1

^v4:1 koeie van Basan: 'n Neerhalende verwysing na die vroue van Samaria.

* 4:2 Ps 89:36; Jer 16:16

^w4:2 mandjies ... vissermanspotte: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Wegvoering in ballingskap word soms metafories met die vangs van visse vergelyk; vgl Jer 16:16; Hab 1:14.

* 4:3 Eseg 12:5

^x4:3 in die stadsmuur: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^y4:3 uitgebring word: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “uitgaan”.

en weggegooi word^z na Harmon,^a
is die uitspraak van die HERE.

⁴ “*Kom na Bet-El en oortree,
na Gilgal en oortree nog meer.
Bring julle offers soggens,
en elke derde dag julle tiendes.

⁵ *Offer 'n dankoffer* van dit
wat met suurdeeg gebak is.
Kondig julle vrywillige offers aan,
maak dit bekend;
want so hou julle daarvan, Israeliete.”
Dit is die uitspraak van my Heer,
die HERE.

⁶ “*Selfs toe Ek julle met leë monde
gelaat het^b in al julle stede,
met broodgebrek in al julle
woonplekke,
het julle nie na My teruggekeer nie,”
is die uitspraak van die HERE.

^z4:3 **weggegooi word:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “julle sal weggooi”.

^a4:3 **na Harmon:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord of die ligging van Harmon, indien dit na 'n plek verwys.

* 4:4 Deut 14:28; 26:12; Hos 4:15; Am 3:14

* 4:5 Eks 35:29; Lev 22:18-21

* 4:5 **dankoffer:** Lev 7:13-14

* 4:6 Am 4:8-11; Hag 2:17

^b4:6 **leë ... het:** Die bronteks lui “skoon tande gegee het”.

⁷ “*Selfs toe Ek die reën van julle
weggehou het,
reeds drie maande voor die oestyd,
en Ek oor een dorp laat reën het
en oor 'n ander dorp
nie laat reën het nie,
toe een stuk grond reën gekry het,
en die ander stuk grond
waarop Ek nie laat reën het^c nie,
verdroog het;
⁸ toe twee, drie dorpe na een dorp
geslinger het om water te drink,
maar hulle dors nie kon les nie;
het julle nie na My teruggekeer nie,”
is die uitspraak van die HERE.

⁹ “*Ek het julle met skroesisiekte
en witroes getref.
Baie van julle tuine en wingerde,
julle vyebome en olyfbome,
het die ruspes kaal gevreet,
maar julle het nie na My
teruggekeer nie,”
is die uitspraak van die HERE.

* 4:7 Jer 3:1-3

^c 4:7 **waarop ... het:** Die Septuagint en verskeie Hebraëuse mss word hier gevolg.
Die bronteks lui “waarop U nie laat reën het nie”.

* 4:9 Joël 1:4-7,12

¹⁰ “*Ek het pessiektes onder julle
losgelaat soos in Egipte;
Ek het julle jong manne
met die swaard omgebring,
saam met julle buitgemaakte perde.
Ek het die stank van julle leërmag
in julle neusgate laat opslaan,
maar julle het nie na My teruggekeer nie,”
is die uitspraak van die HERE.

¹¹ “*Ek het by julle verwoesting aangerig
soos God se verwoesting^d
van Sodom en Gomorra.
Julle het geword soos 'n stuk hout
wat uit vlamme gepluk is;
maar julle het nie na My
teruggekeer nie,”
is die uitspraak van die HERE.

¹² * “Daarom gaan Ek die volgende
aan jou doen, Israel;
en omdat Ek dit aan jou gaan doen —
wees gereed om jou God te ontmoet,
Israel!”

* **4:10** 2 Kon 13:3,7

* **4:11** Gen 19:24-25; Jud vs 23

^d**4:11 God se verwoesting:** Kan ook vertaal word “verskriklike verwoesting”.

* **4:12** Jer 5:22

¹³* Ja, kyk, Hy wat die berge vorm
en die wind skep,
wat aan 'n mens sy beplanning^e
bekend maak,
wat die dagbreek duisternis^f maak,
wat trap op die hoogtes van die aarde,
die HERE, die God wat Heerser is
oor alle magte, is sy Naam!

5

¹* Luister na hierdie woord, huis van Israel, wat ek as 'n treurlied oor julle aanhef:

²*“Sy het geval,
die jongvrou Israel
sal nie weer opstaan nie.
Verlate lê sy op haar grond
met niemand wat haar ophelp nie.”

³ Ja, so sê my Heer, die HERE:

“Die stad wat uittrek met duisend,
hou honderd oor;
en die een wat uittrek met honderd,
hou tien oor vir die huis van Israel.”

* **4:13** Ps 139:3; Jer 10:16; Dan 2:22,28,30; Am 5:8-9,27; 8:9

^e**4:13 sy beplanning:** Daar is verskil van mening oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

^f**4:13 dagbreek duisternis:** 'n Aantal Hebreeuse mss en die Septuagint lui “dagbreek en duisternis”.

* **5:1** Jer 7:29; 9:10,17; Eseg 19:1

* **5:2** Jes 33:23; 47:1

⁴ * Ja, so sê die HERE vir die huis van Israel:

“Soek My, dan sal julle leef.

⁵ Moet Bet-El* nie besoek nie;
na Gilgal* mag julle nie gaan nie
en na Berseba* die grens nie oorsteek nie.

Want Gilgal sal beslis

in ballingskap gaan⁸
en Bet-El sal 'n nietigheid word.”

⁶ * Soek die HERE, dan sal julle leef —
anders vlam Hy op soos 'n vuur
in die huis van Josef;

die vuur sal verteer

en daar is niemand wat dit vir Bet-El
kan blus nie —

⁷ * ja, julle wat die reg verander
in wildeals,
en geregtigheid teen die grond gooi.

⁸ * Hy wat die Sewester en Orion maak,

*5:4 Deut 4:29; 2 Kron 15:2; Jes 55:3; Jer 29:13

*5:5 Bet-El: 1 Kon 12:28-29; Am 4:4

*5:5 Gilgal: 1 Sam 7:16; 11:14

*5:5 Berseba: Gen 21:31-33; Am 8:14

⁸5:5 Gilgal sal ... gaan: In Hebreeus is daar klankassosiasie tussen die naam Gilgal en “beslis in ballingskap gaan”.

*5:6 Jes 55:3,6-7; Am 5:14

*5:7 Am 6:12

*5:8 Job 9:9; 38:31

wat stikdonker verander in môre
en dag in nag laat verdonker;
wat die water van die see roep
en dit uitgiet oor die oppervlakte
van die aarde —
HERE is sy Naam.

⁹ *Dit is Hy wat verwoesting laat losbars
oor 'n vesting,
ja, verwoesting kom
oor 'n versterkte stad.

¹⁰ *Hulle haat die een
wat in die stadspoort tereg wys
en verafsku hom wat reguit praat.

¹¹ *Daarom, omdat julle graanbelasting
van armes eis,
en 'n heffing op graan
van hulle neem,
het julle huise van gekapte klip gebou,
maar julle sal nie daarin woon nie;
het julle pragtige wingerde geplant,
maar julle sal die wyn daarvan
nie drink nie.

¹² *Ek weet immers
hoe baie julle oortredings

*5:9 Jes 29:5; Miga 5:11

*5:10 Job 5:4; Ps 127:5; Jes 29:21; Am 5:12,15; Gal 4:16

*5:11 Deut 28:30; Miga 6:15; Sef 1:13; Hag 1:6

*5:12 Jes 29:21; Am 2:7

en hoe talryk julle sondes is,
julle wat vyandig is teenoor regverdiges,
wat omkoopgeld vat
en behoefdiges in die stadspoort
wegwys.

¹³ *Daarom is die verstandige
in hierdie tyd stil,
want dit is 'n bose tyd.

¹⁴ *Soek die goeie, nie die slegte nie,
sodat julle kan lewe;
dan sal die HERE, die God
wat Heerser is oor alle magte,
só by julle wees soos wat julle sê.

¹⁵ *Haat die slegte,
wees lief vir die goeie,
en vestig die reg in die stadspoort.
Miskien sal die HERE, die God
wat Heerser is oor alle magte,
dit wat oor is van Josef,^h genadig wees.

¹⁶ *Daarom, so sê die HERE,
die God wat Heerser is
oor alle magte, my Heer:

*5:13 Am 6:10; Ef 5:16

*5:14 Miga 3:2

*5:15 Sef 2:7; Rom 12:9

^h5:15 wat oor ... Josef: Dit verwys na die Israëliete van die tien stamme wat nie weggevoer is deur die Assiriërs in 722-721 vC nie; vgl 2 Kon 17:1-23.

*5:16 2 Kron 35:25; Jer 9:17

“Op al die dorpspleine
klink die rouklag op.
In al die strate roep hulle,
‘O wee! O wee!’
Hulle roep plaaswerkers
om deel te neem aan
die rouplegtigheid en die rouklag,
saam met die kenners van treursang.
¹⁷ * In al die wingerde
klink die rouklag op,
want Ek trek deur jou midde.”
Dit het die HERE gesê.

¹⁸ * Wee dié wat uitsien
na die dag van die HERE.
Wat hou dit vir julle in?
Die dag van die HERE
is duisternis, nie lig nie,
¹⁹ * soos wanneer iemand vlug
vir 'n leeu,
maar 'n beer val hom aan.
As hy wel in die huis kom
en met sy hand teen die muur leun,
dan pik 'n slang hom.
²⁰ Die dag van die HERE,
is dit nie duisternis,

*5:17 Eks 12:12; Nah 1:12

*5:18 Joël 1:15; 2:1-2,11,31; 3:14

*5:19 Job 20:24; Jes 24:17-18; Jer 48:44

en nie lig nie,
donker met geen ligglans nie?

²¹ “*Ek haat, Ek verwerp julle feeste;
Ek wil julle feesvierings nie ruik nie.

²² Ja, selfs al lê julle vir My
•brandoffers en julle •graanoffers
op die altaar,

Ek aanvaar dit nie;
'n maaltydofferⁱ van julle
vetgemaakte kalwers
kyk Ek nie eers na nie.

²³ *Hou die lawaai van julle liedere
weg van My;
die klank van julle harpe^j
wil Ek nie hoor nie.

²⁴ *Laat die reg voortrol soos water
en geregtigheid soos
'n standhoudende stroom.

²⁵ *Het julle •slagoffers en graanoffers
vir My gebring,

*5:21-22 Jes 1:11-14

ⁱ5:22 **maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

*5:23 Jes 5:12

^j5:23 **harpe:** Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

*5:24 Jer 22:3; Eseg 45:9; Hos 6:6; Miga 6:8

*5:25-27 1 Kon 14:15; Hand 7:42-43

die veertig jaar in die woestyn,^k
huis van Israel?

²⁶ Julle sal Sakkoet,^l julle koning,^m
en Kajjawan,ⁿ julle beelde,
die ster van julle gode wat julle
vir julle gemaak het, moet dra.

²⁷ Ek gaan julle tot anderkant
Damaskus in ballingskap wegvoer,”
het die HERE gesê.
God wat Heerser is oor alle magte,
is sy Naam.

6

¹ *Wee dié wat gerus is in Sion,
dié wat hulle veilig voel
op die berg Samaria,
die hooggeplaastes
van die mees vooraanstaande nasies,
na wie die huis van Israel kom.

^k**5:25 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^l**5:26 Sakkoet:** Dit was in Mesopotamië 'n bekende sterregod. Die vokale van die naam is in Hebreeus verander (Sikkoet) sodat dit as “Afstootlik” gelees kan word.

^m**5:26 julle koning:** Dit dui aan dat Sakkoet vir die Israëliete die belangrikste sterregod was.

ⁿ**5:26 Kajjawan:** Dit was 'n titel van Saturnus wat in Arabië bekend is as Kaiwan en in Sirië as Kewan. In Akkadies beteken die naam ‘die bestendige een’. Die vokale van hierdie naam is ook in Hebreeus verander (Kijjoen) sodat dit as “Afstootlik” gelees kan word.

* **6:1** Am 4:1; Sef 1:12; Luk 6:24

² *Gaan oor die grens na Kalne* en kyk;
loop van daar na Hamat-Rabba,
en gaan af na Gat* van die Filistyne.
Is julle beter as hierdie koninkryke,
of is hulle grondgebied groter as julle s'n,
³ *julle wat die dag van onheil
as ver beskou,
maar die gewelddadige einde
nader bring?^o

⁴ Hulle lê op beddens met ivoorinleg,
luiers rond op hulle sofas,
eet lammers uit die trop kleinvee
en kalwers uit die stal.

⁵ *Hulle neurie met begeleiding
van die harp;^p
soos Dawid, improviseer hulle
op musiekinstrumente.

*6:2 Nah 3:8

*6:2 Kalne: Jes 10:9

*6:2 Gat: 1 Sam 5:8; 2 Kron 26:6

*6:3 Eseg 12:27; Am 9:10

^o6:3 **gewelddadige ... bring:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die
•bronteks.

*6:5 1 Kron 23:5; 2 Kron 29:26

^p6:5 **harp:** 'n Driehoekige snaarinstrument met 'n klankbord.

⁶ *Hulle drink offerbakke^q vol wyn;^r
met die beste olies salf hulle hulleself;
maar hulle treur nie
oor die ondergang van Josef nie.

⁷ *Daarom sal hulle nou
in ballingskap gaan
aan die voorpunt van die ballinge;
die gefuif van dié wat rondluier,
kom tot 'n einde.

⁸ *My Heer, die HERE,
het by Homself gesweer;
die uitspraak van die HERE,
die God wat Heerser
is oor alle magte, is:
“Ek verafsku die hoogmoed van Jakob,
en sy vestings^s haat Ek.
Ek gaan die stad en alles daarin
oorlewer.”

⁹ As daar tien mense in 'n enkele huis oor is, sal hulle sterf. ¹⁰ *En

* **6:6** Gen 37:25; Am 2:8; 4:1

^q**6:6 offerbakke:** Houers wat in die •tabernakel en tempel gebruik is vir
•drankoffers; vgl Eks 27:3.

^r**6:6 Hulle ... wyn:** Kan ook vertaal word “Hulle drink uit offerbakke met wyn”.

* **6:7** Am 7:11,17

* **6:8** Ps 47:5; Jer 51:14; Eseg 24:21; Am 8:7; Heb 6:13,17

^s**6:8 vestings:** Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

* **6:10** 1 Sam 31:12; Ps 128:3

wanneer 'n familielid,^t die een wat die lyk moet versorg,^u dit optel om dit uit die huis te neem en vir iemand wat agter in die huis is, vra: “Is daar nog by jou?” en hy antwoord: “Dis klaar!”, sal hy sê: “Bly net stil! Want die Naam van die HERE moet nie genoem word nie.”

¹¹ *Want kyk, die HERE gee opdrag,
en Hy slaan die groot huis aan stukke
en die klein huis tot splinters.

¹² *Hardloop perde op 'n rotswand
of ploeg 'n mens dit met osse?
En tog het julle die reg
in 'n giftige plant verander
en die vrug van geregtigheid
in wildeals.

¹³ Julle is bly oor Lo-Dabar.^v
Julle sê: “Het ons nie met eie krag
Karnajim^w vir ons verower nie?”

¹⁴ “Maar kyk, Ek laat teen julle,
huis van Israel, 'n nasie optrek,”
is die uitspraak van die HERE,

^t6:10 'n familielid: Kan ook vertaal word “oom”; vgl Lev 10:4-5.

^u6:10 een ... versorg: Die bronteks word verskillend vertaal. Die woord dui egter iemand aan wat met speserye 'n lyk moet versorg.

* 6:11 2 Kon 25:9; Jes 55:11; Am 3:15

* 6:12 Am 5:7; Hos 10:4

^v6:13 Lo-Dabar: Dit was 'n dorp oos van die Jordaan in die noorde van Gilead. Die naam is hier só geskryf dat dit ‘niks’ beteken.

^w6:13 Karnajim: Dit was 'n dorp in Basan op Aramese grondgebied. Die naam beteken ‘dubbele horings’. Horings was 'n simbool van krag.

die God wat Heerser is
oor alle magte,
“en hulle sal julle onderdruk
van Lebo-Hamat tot by
die droë loop van die Araba.”^x

7

¹ *Dit het my Heer, die HERE, my laat sien: Kyk, Hy was besig om sprinkaanswerms te vorm net toe die saad in die lente^y begin opkom. En onthou, dit kom net ná die koning se hooi gemaak is.

² *Toe hulle die groenigheid van die land afgevreet het, sê ek: “My Heer, HERE — vergeef tog! Hoe sal Jakob kan bly staan? Want hy is klein.”

³ *Die Here het berou daaroor gehad.
“Dit sal nie gebeur nie,”
het die HERE gesê.

⁴ *Dit het my Heer, die HERE, my laat sien: Kyk, my Heer, die HERE,

^x**6:14 Lebo-Hamat ... Araba:** Lebo-Hamat was die noordelike grensdorp van die koninkryk van Israel. Die Araba is die droë terrein in die Jordaanvallei. Die droë loop van die Araba was die suidelike grens van die koninkryk van Israel; vgl Num 34:7-8; 1 Kon 8:65; 2 Kon 14:23-25.

^{*}**7:1 Am 7:4,7**

^y**7:1 saad ... lente:** Dit is die saad van verskillende soorte groente wat teen die einde van die winter in Februarie — Maart gesaai is.

^{*}**7:2 Jes 51:19**

^{*}**7:3 Deut 32:36; Am 7:6; Jona 3:10**

^{*}**7:4 Am 7:1**

was gereed om 'n regstryd deur vuur aan te kondig. Dit het die groot oerwater^z laat opdroog, en sou die bewerkbare grond verteer.

⁵ *Ek sê toe: “My Heer, HERE — hou tog op! Hoe sal Jakob kan bly staan? Want hy is klein.”

⁶ *Die HERE het berou daaroor gehad.

“Ook dit sal nie gebeur nie,”

het my Heer, die HERE, gesê.

⁷ *Dit het Hy my laat sien: Kyk, my Heer het gestaan by 'n loodregte muur. In sy hand was daar 'n skietlood.^a

⁸ *Toe sê die HERE vir my: “Wat sien jy, Amos?” Ek het geantwoord: “'n Skietlood.” My Heer sê toe vir my: “Kyk, Ek gaan die skietlood aanlê in die midde van my volk Israel. Ek sal nie weer by hom verbygaan nie.

⁹ * “Die offerhoogtes^b van Isak
sal verwoes word,
en die heiligdomme van Israel
sal puinhope wees.

^z**7:4 groot oerwater:** Dit verwys hier na die ondergrondse water wat die oorsprong is van fonteine en strome.

***7:5** Am 7:2-3

***7:6** Deut 32:36; Am 7:6; Jona 3:10

***7:7** 2 Kon 21:13; Am 7:1

^a**7:7 loodregte ... skietlood:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord wat hier met “loodregte” en “skietlood” weergegee word. Die •Septuagint lui in albei gevalle “harde metaal”.

***7:8** 2 Kon 21:13; Jes 28:17; 34:11; Klaagl 2:8; Miga 7:18

***7:9** Am 7:11

^b**7:9 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

Ek gaan teen die huis van Jerobeam
optree met die swaard.”

¹⁰ *Amasia, die priester van Bet-El, het toe vir Jerobeam, die koning van Israel, laat weet: “Amos het teen u 'n komplot gesmee binne die huis van Israel. Die land sal dit nie kan uithou onder al sy woorde nie;

¹¹ * want dit is wat Amos sê,
‘Deur die swaard
sal Jerobeam sterf,
en Israel sal beslis
in ballingskap gaan,
weg van sy grondgebied af.’ ”

¹² *Amasia sê toe vir Amos: “Siener, trap! Vlug vir jou eie beswil na die land van Juda; gaan verdien daar jou brood en profeteer daar. ¹³ *In Bet-El mag jy nie meer verder profeteer nie, want dit is die koning se heiligdom; dit is 'n tempel van die koninkryk.”

¹⁴ *Amos het geantwoord en vir Amasia gesê: “Ek is nie 'n beroepsprofeet nie en ook nie lid van 'n profetegroep nie; maar ek is 'n veewagter en prik wildevyer.^c ¹⁵ *Die HERE het my agter die kleinvee weggevat en die HERE het vir my gesê, ‘Gaan profeteer vir my volk

*7:10 1 Kon 12:31-32; Am 1:1; 3:14; 7:13

*7:11 Am 5:27; 6:7

*7:12 2 Sam 24:11; Am 1:1; Miga 3:5,11

*7:13 1 Kon 12:29—13:1

*7:14 2 Kon 2:3; Am 1:1; Sag 13:5

^c7:14 prik wildevyer: Wildevyer is met 'n metaalvoorwerp geprik om dit vinniger te laat ryp word. Dit is gewoonlik deur seisoenwerkers gedoen.

*7:15 Am 3:8

Israel!’ ¹⁶*Hoor dan nou die woord van die HERE:

“Jy sê,

“ ‘Jy mag nie teen Israel
profeteer nie,
en jy mag nie teen die huis van Isak
driftig preek^d nie.’

¹⁷*“Daarom, so sê die HERE,

“ ‘Jou vrou sal in die stad hoereer,
en deur die swaard
sal jou seuns en dogters val.
Jou grond sal met 'n maatlyn
opgedeel word,
en jy self sal op •onrein grond sterf.
En Israel sal beslis in ballingskap gaan,
weg van sy grondgebied af.’ ”

8

¹*Dít het my Heer, die HERE, my laat sien: Daar was 'n mandjie met somervrugte. ²*Hy het gevra: “Wat sien jy, Amos?” Ek het geantwoord: “'n Mandjie met somervrugte.”

Daarop sê die HERE vir my: “Die einde^e het vir my volk Israel aangebreek. Ek sal nie weer by hom verbygaan nie.”

*7:16 Deut 32:2; Eseg 21:2; Miga 2:6

^d7:16 driftig preek: Die Hebreeuse idioom lui “uitspuug”.

*7:17 2 Sam 8:2; Ps 60:8; Hos 4:13

*8:1 Am 7:4,7

*8:2 Am 7:8

^e8:2 einde: In Hebreeus klink ‘somervrugte’ en ‘einde’ byna dieselfde.

³ * “Die sangeresse van die paleis
sal weeklaag op daardie dag,”
is die uitspraak van my Heer,
die HERE.

“Tallose lyke, oral neergegooi!
Stilte!”

⁴ Luister hierna,
julle wat op behoefdiges trap,
en daarop uit is om weerloses
in die land uit te wis

⁵ * deur te sê:

“Wanneer is nuwemaan verby,
sodat ons weer koring kan verkoop,
en die Sabbat, sodat ons die graansakke
kan oopmaak?”^f

net om 'n efa^g kleiner te maak

en 'n sikkel^h groter,
en om te kul met 'n vals weegskaal,

⁶ * om armes vir geld te koop
en behoefdiges vir 'n paar sandale.

“Die uitskotgraan sal ons ook verkoop.”

* **8:3** Am 5:16,23; 6:4-5,10

* **8:5** Eseg 45:10; Hos 12:8; Miga 6:10-11

^f**8:5 graansakke kan oopmaak:** Dit beteken dat graan te koop aangebied word.

^g**8:5 'n efa:** Ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate

^h**8:5 'n sikkel:** Ongeveer 11,4 g; •Geldeenhede.

* **8:6** Am 2:6

⁷ *Die HERE het gesweer
by die trots van Jakob:ⁱ
“Ek sal al hulle dade in ewigheid
nie vergeet nie.

⁸ *Sal die aarde nie hieroor skud nie,
en elkeen wat daarop woon,
nie treur nie?
Dit sal in sy geheel styg soos die Nyl;
dit sal onstuimig wees en terugsak
soos die rivier van Egipte.”

⁹ *“Op daardie dag,”
is die uitspraak van my Heer,
die HERE,
“sal Ek die son laat ondergaan
op die middaguur
en dit helder oordag donker maak
vir die aarde.

¹⁰ *Ek sal julle feeste
in 'n rouplegtigheid verander
en al julle liedere in treursange.
Ek sal om alle heupe
'n roukleed^j hang

***8:7** Hos 8:13; 9:9; Am 6:8

ⁱ**8:7 gesweer ... Jakob:** Die HERE sweer altyd by Homself. Hierdie woorde is sarkasties bedoel.

***8:8** Jer 46:7-8; Hos 4:3; Am 9:5

***8:9** Jes 60:20; Jer 15:9; Miga 3:6; Matt 24:29; 27:45; Luk 23:44-45

***8:10** Jes 3:24; Jer 6:26; Sag 12:10

^j**8:10 roukleed:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

en op elke kop 'n kaal plek^k maak.

Ek sal dit laat wees

soos die rouplegtigheid

oor 'n enigste kind

en die einde daarvan

soos 'n bittere dag.”

¹¹ “*Kyk, daar kom dae,”

is die uitspraak van my Heer,

die HERE,

“dat Ek hongersnood in die land

sal uitstuur —

nie 'n honger na brood

en 'n dors na water nie,

maar 'n honger om die woorde

van die HERE te hoor.

¹² *Hulle sal strompel van see tot see;

van noord na oos sal hulle dwaal,

op soek na die woord van die HERE,

maar dit nie vind nie.

¹³ *Op daardie dag sal die mooi

jongmeisies flou word,

ook die jong manne, van dors.

^k**8:10 kop ... plek:** Dit was 'n teken van rou.

***8:11** Ps 74:9; Jes 29:10; Miga 3:7

***8:12** Hos 5:6

***8:13** Jes 41:17; Klaagl 1:18; 2:21; Hos 2:3

¹⁴ *Hulle wat sweer by die Skuld
van Samaria,¹
en sê, ‘So waar as wat jou god leef,
Dan’,
of ‘so waar as wat jou god leef,
Berseba’;^m
hulle sal val en nie weer opstaan nie.”

9

¹ *Ek het my Heer by die altaar sien staan. Hy het gesê:
“Slaan die pilaarkop
sodat die drumpels skud.
Maak 'n einde aan hulle,ⁿ
aan wie op die voerpunt is
van hulle almal.
Hulle agterhoede sal Ek
met die swaard ombring.
Geen vlugteling onder hulle
sal ontvlug nie;
geen oorlewende onder hulle
sal ontkom nie.

***8:14** Deut 9:21; 1 Kon 12:29-30; Hos 10:8; Am 5:5

¹**8:14 Skuld van Samaria:** Dit verwys na die afgod •Baäl; vgl 1 Kon 16:32-33; Hos 8:5.

^m**8:14 so waar ... Berseba:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “so waar as wat die pad na Berseba leef”; vgl Am 5:5.

***9:1** Jes 9:14; Am 2:14; 7:1

ⁿ**9:1 Maak ... hulle:** Hierdie lesing is verkry deur enkele vokaalwysigings. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die gevokaliseerde •bronteks.

²* Al grawe hulle tot in die •doderyk —
van daar af sal my hand hulle uithaal.

Al klim hulle op in die hemel —
van daar af sal Ek hulle afbring.

³* Al verberg hulle hulleself
op die kruin van Karmel —
daar sal Ek hulle opspoor en uithaal.

Al kruip hulle vir my oë weg
op die bodem van die see —
daar sal Ek die slang opdrag gee
en hy sal hulle pik.

⁴* Al gaan hulle in ballingskap
voor hulle vyande uit —
daar sal Ek die swaard opdrag gee
en dit sal hulle ombring.
Ek sal my oog op hulle hou,
ten kwade, nie ten goede nie.”

⁵* My Heer, die HERE,
Heerser oor alle magte,
Hy wat die aarde aanraak en dit sidder,
sodat almal wat daarop woon, treur,
en dit styg in sy geheel soos die Nyl
en sak terug soos die rivier van Egipte;

*9:2 Ps 139:8-9

*9:3 Jer 23:24

*9:4 Jer 21:10

*9:5 Ps 46:7; Am 8:8

⁶ *Hy wat in die hemel sy bokamer bou
en sy hemelkoepel op die aarde vestig;
wat die water van die see roep
en dit uitgiet oor die oppervlakte
van die aarde —
HERE is sy Naam.

⁷ **“Israeliete, is julle nie maar
vir My soos die Kussiete^o nie?”*
is die uitspraak van die HERE.
*“Het Ek nie Israel uit Egipteland
laat optrek
en die Filistyne uit Kaftor
en die Arameërs uit Kir nie?”*

⁸ *Kyk, die oë van my Heer, die HERE,
is gerig op die sondige koninkryk.
*“Ek sal dit van die oppervlakte
van die aarde af uitroei;
nogtans sal Ek die huis van Jakob
nie heeltemal uitroei nie,”*
is die uitspraak van die HERE.

⁹ **“Ja, kyk, Ek gee bevel,
en Ek gaan onder al die nasies*

*9:6 Am 5:8

*9:7 Matt 3:9; Rom 2:25

^o9:7 **Kussiete:** Inwoners van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

*9:8 Jer 30:11; Ob vs 17

*9:9 Jes 30:28; Luk 22:31

die huis van Israel skud
asof hy in 'n sif geskud word,
maar nie 'n klippie sal op die grond
val nie.^p

¹⁰ *Deur die swaard sal al die sondaars
van my volk sterf,
hulle wat sê,
'Die onheil sal ons nie bereik nie,
nie tot by ons kom nie.' ”

Herstel van Israel

¹¹ “*Op daardie dag
sal Ek die vervalte skuiling^q
van Dawid herstel.

Ek sal die bresse toebou
en die ruïnes herbou om te wees
soos in die dae van weleer,

¹² *sodat hulle dié wat oorgebly het
van Edom en al die nasies
oor wie my Naam uitgeroep is,
in besit kan neem,”
is die uitspraak van die HERE,
wat dit gaan doen.

^p**9:9 nie ... val nie:** In die Bybelse tyd is saad gesif om dit te skei van
onsuiwerhede soos klippies wat in die sif agtergebly het.

***9:10** Jes 28:15; Jer 5:12; Am 6:3

***9:11-12** Hand 15:16-18

^q**9:11 skuiling:** In die somer is 'n skuiling met takke in die boorde en wingerde
gebou vir 'n wag; vgl Jes 4:6.

***9:12** Jes 43:6-7; Eseg 36:5; Ob vs 21; Mal 1:11; Hand 15:15-18

¹³ * “Kyk, daar kom dae,”
is die uitspraak van die HERE,
“wanneer die een wat ploeg
die een wat graan oes, sal inhaal,
en die een wat druiwe trap
die een wat die saadsak dra.

Die berge sal drup van druiwesap
en die heuwels sal golf van graan.

¹⁴ * Ek sal die lot van my volk Israel
verander.

Hulle sal hulle verwoeste stede
herbou en bewoon;

hulle sal wingerde plant
en die wyn daarvan drink;

hulle sal tuine aanlê
en die vrugte daarvan eet.

¹⁵ * Ek sal hulle plant in hulle grond
en hulle sal nie weer verwyder word
van die grond wat Ek aan hulle
gegee het nie,”
sê die HERE, jou God.

* **9:13** Lev 26:5; Am 9:5

* **9:14** Jes 61:4; Jer 30:3; Eseg 36:10,33-35; Sag 8:7-8

* **9:15** Jes 60:21; Eseg 34:28; 37:25